1. **BESKRYWING EN GROOTTE VAN DIE GRONDREGTE OP DIE EIENDOM**

1.1 'n Elektriese substasie, voorgestel deur die lyne aangedui op die SG-diagram (Bylae A hierby), soos beskryf in serwituutnota 9 by die SG-diagram, groot 1,0000 hektaar.

1.2 Die reg om elektrisiteit oor die eiendom te gelei deur middel van 132 kV en 22 kV oorhoofse kraglyne voorgestel deur die lyne aangedui op die SG-diagram, soos beskryf in die serwituutnotas nommers 1 tot 8 in die SG-diagram en tot die grootte en breedte soos in die serwituutnotas vermeld.

1.3 'n Reg van weg (toegangspad) 6 m breed voorgestel deur die geboë lyn S1-S2 op die SG-diagram soos aangedui in serwituutnota 10 by die SG-diagram, wat die middellyn van 'n serwituutpad voorstel.

1.4 Die bykomende regte in Bylae B hierby uiteengesit.